



# Ligdraer

## Gereformeerde Kerk Ontdekkers

16 Februarie 2020    Oggenddiens - 9H30  
Aanddiens - 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend  
by ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur  
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte.

Ons nooi almal vriendelik uit  
om na afloop van die erediens  
saam met ons'n koppie  
tee/koffie te geniet.



Kleuterbediening tydens  
oggenddiens:

Al ons maatjies (3 - 7 jaar)



### *Bybelstudie:*

Maandae: 19H00 - Kerksaal  
Dinsdae: 9H00 - Aan huis van Lucia Erasmus  
Woensdae: 09h00 - Kerksaal  
Donderdae: 9H00 - Kerksaal  
Jong volwassenes: Evert & Cherése Kleynhans

Geluk aan almal wat gedurende die maand  
verjaar het !



Kontakbesonderhede van  
Ontdekkersgemeente:



011-672-3810 / 0603423316



[info@ontdekkers.org.za](mailto:info@ontdekkers.org.za)

Webblad: [www.ontdekkers.org.za](http://www.ontdekkers.org.za)



Gereformeerde Kerk  
Ontdekkers

Het jy geweet?

JOSUA het nie net die  
Israëliete in die beloofde land  
ingelei nie. Hy het ook as leier  
die land letterlik verower en het  
ook 'n leidende rol in die  
verdeling van die land gespeel.  
Elke stam het grond gekry soos  
God daarvoor besluit het

Vakature vir 'n Maatskaplike werker is beskikbaar by Ons Huis ouetehuis. Skakel vir Marita van den Berg indien u belangstel. 011 672 5018/0362.

Sustersaamtrek te GK Noordrand; Saterdag 7 Maart 2020, 8H00 vir 9H00; koste: R 130 /persoon; spreker: Annelie Steenkamp Nel (Tema: Intimiteit met God).  
Uitnodiging is op die kennisgewingbord in die saal. RSPV: 17 Februarie.

## **Bybelgenootskap vier 200 jaar**

**Die Saaier, die betroubare karakter wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se logo uitgebeeld word, is steeds besig om onverpoos die saad van God se Woord, die Bybel, te saai. Vir byna 200 jaar, sedert sy stigting op 23 Augustus 1820, het die BSA miljoene mense gehelp om toegang tot die Woord van God te kry.**

Soos die getroue saaiër in die Bybelse gelykenis, is die Bybelgenootskap toegewyd besig om bekostigbare Bybels te voorsien aan alle Suid-Afrikaners in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. As 'n organisasie glo die BSA dat die Here sal voortgaan om hul werk oor die volgende 200 jaar en daarna te seën.

Ter viering van die mylpaalverjaardag wil die BSA selfs meer doen. As deel van hierdie viering wil hulle tweemiljoen Bybels versprei onder Suid-Afrikaners wat nie 'n Bybel kan bekostig nie. Ja, dit is die BSA wat verjaar, maar pleks van net ontvang, wil hulle graag gee. Hulle benodig egter goedgesindes se hulp om van die tweemiljoen-Bybels-projek, wat van 23 Augustus 2019 tot 23 Augustus 2021 duur, 'n sukses te maak. Skenk R100 om 'n Bybel aan te koop.

Hoe om anderkant die “bubble wrap” vir Jesus te leef (... en goed te getuig)  
Stepan Joubert

Ek weet nie wat is die regte woord vir “bubble wrap” in Afrikaans nie. Maar jy weet waarvan ek praat. Ek bedoel daardie plastiese verpakings rondom breekbare items wat met lug gevul is. In elk geval, dit lyk asof party mense in sulke omhulsels leef, ook in die kerk. Vir hulle is die kerk eintlik net 'n plek van ontvlugting uit “die regte wêreld.” Wanneer hulle egter uit sulke “veilige” omhulsels moet padgee, verkrummel hulle “geloof” dikwels in 'n oogwink. Sommige jongmense bevind hulle byvoorbeeld tydens hulle hoërskooldae in 'n lewensvreemde jeugbediening, maar dan beland hulle op universiteit skielik in 'n klas van 'n professor wat die Bybel aan flarde skiet. Of party mense werk jare lank in 'n Christelike omgewing en verskuif dan na 'n werksomgewing waar mense totaal ander godsdienstige oortuigings het. Skielik weet hulle dan nie meer wat om te glo nie. En of hulleself nog glo nie.

Hoe maak om nie in 'n “bubble wrap-lewe” te verval wat jou op ongesonde maniere isoleer van die res van die lewe nie? Mag ek 'n paar roetes deel:

1. Sorg dat jy 'n goed deurdagte geloof in God het. Dink gedurig na oor jou geloof vanuit die Bybel. Dan sal jy altyd rekenskap kan gee van die hoop wat in jouself leef wanneer mense jou hieromtrent uitvra. (O ja, hierdie is 'n Bybelse opdrag volgens 1 Petrus 3:13-16).

2. Moenie toelaat dat andersdenkendes jou intimideer nie. Ek het agtergekom baie agnostici en kliek het nog nooit indringend nagedink oor hoekom hulle nie glo nie. Dikwels gebruik hulle maar net 'n paar ateïste se idees wat hulle op Google of in boeke raakloop. Moenie voel jy is ooit in die aanklagbank in hulle teenwoordigheid nie. Of dat jy die Here moet probeer verdedig nie. Jy is slegs Sy getuie. Lê goeie getuie af oor jou geloof. Moenie aanvallend of skerp wees nie (1 Petrus 2:21-25).
3. Vra 'n paar goeie vrae vir mense wat van jou verskil. Laat die skeptici ook 'n slag op die verdediging wees. Skep vir hulle 'n paar morele dilemmas, soos dat hulle dalk hulle negatiewe ervarings met sekere mense in die kerk projekteer op God.
4. Weet dat geloof in Christus vir duisende jare reeds elke moontlike toets van twyfel, ongeloof, vervolging en spot suksesvol deurstaan het. Biljoene mense deur die eeue het reeds bely dat Jesus die Here is. Massas gelowiges is al vermoor omdat hulle geweier het om Jesus te verloën, maar steeds groei die Christendom van krag tot krag. Dit onderstreep Jesus se woorde in Matteus 16 dat nie eens die poorte van die doderyk die belydenis dat Hy die Messias is ooit sal kan stilmaak nie.
5. Die Heilige Gees staan jou altyd by wanneer jy getuie moet lewer oor Jesus (Markus 13:11).
6. Daar is goeie lewe anderkant die "bubble-wrap" want Christus is in elk geval lankal reeds daar.

Ook 2020 word in geloof aangepak. As 'n nie-winsgewende organisasie moet TOIBO genoeg fondse genereer om haar verpligtinge teenoor die minderbevoorregte kind met 'n gestremdheid na te kom. Die huidige ekonomiese omstandighede in die land maak dit egter baie moeilik. Ten spyte daarvan, word alle verpligtinge teenoor die skole nagekom. Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons donateurs dat TOIBO kan spog met 'n rekordinkomste vir die 2019-boekjaar. Benewens donasies, is daar ook twee groot bemakings ontvang.

Dankie aan die stigterslede en hul gemeentes vir u volgehoue ondersteuning.

Transoranje Insituut vir Buitengewone Onderwys ABSA rekening nr: 020840145

**Doppers@C 2020**

**Graad 5 - 12 en naskoolse jongmense.**

**Eerste rivier NG kerk kampterrien 21 - 26 Maart 2020**

**R700 per persoon (R350 dep. Betaalbaar voor/op 14 Maart)**

**Inbetalings: FNB Tjekrek. 62592603312 Verwysing: Jou naam + SKJK '20**

Dit is ons bede dat ons sommer 'n mooi klompie jongmense sal trek. Daar is ook net plek vir 60 jongmense. Die doel van die kamp sluit aan by die doel van die destydse Jongeliede Vereniging: Om die jeug in die geleentheid te stel tot die onderlinge vorming wat hulle nodig het om hulle roeping in die koninkryk van God na te kom.

## **GK Senekal se Afsluitingsfunksie 29 Februarie en 1 Maart 2020 – Uitnodiging**

GK Senekal bly nog voorbestaan tot Sondag 1 Maart 2020, wanneer die gemeente van status verander en 'n wyk van 'n naburige gemeente sal word. Die onderhandelinge sal DV eers in 2020 gefinaliseer word.

Intussen word alle oudlidmate en -predikante en belangstellendes hartlik uitgenooi na die gemeente se afsluitingsfunksie in die kerkgebou en -saal, wat die nuwe eienaar goedgunstiglik beskikbaar stel.

Voorlopig word 'n Voorbereidingsdiens om 16:00 op Saterdag 29 Februarie beplan met 'n skaapbraai daarna. Op Sondag 1 Maart om 09:00 word Nagmaal gevier, met direk daarna die Dankseggingsdiens. Die naweek word afgesluit met 'n middagete.

Belangstellendes moet hul name, vanne, getal mense, watter dae hulle wil deel neem aan die program, wanneer hulle deel van die gemeente was, watter verbintenis hulle met die gemeente gehad het en dalk 'n interessante herinnering whatsapp aan Bertha Duvenhage by 082 375 9471 of ds. Arie Stavast by 082 782 8969 – vóór 14 Feb. asseblief.

Mense met 'n Gereformeerde belydenis word hartlik uitgenooi om saam Nagmaal te vier. Bring asseblief net die nodige kerklike getuienis van leer en lewe saam. Groete, Arie Stavast

### ***Dink asseblief in julle gebede aan:***

*Aan almal wat bietjie olik voel of bemoediging van watter aard ookal benodig, ons bid julle die sterkte van ons Here toe.*

*Mieke van der Walt is verkies om op leerlingraad te dien.  
Koos Richards het gedurende die week vir toetse gegaan.*

*Nagmaal 23 Februarie 2020 tydens oggenddiens en 16H45 by Ons Huis.*

Die Bybelgenootskappe is bevoorreg om 'n rol te speel om die Bybel toeganklik te maak en teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel aan mense oraloor en onder alle omstandighede. Die Bybel bring werklik ware Hoop vir almal en dit is met groot blydskap dat die Bybelgenootskappe die boekie "Die Bybel HOOP vir Almal" met jou wil deel in die hoop dat dit jou sal help om die lewende boodskap van die Bybel op 'n nog dieper vlak te ervaar. Die Bybel HOOP vir Almal is /e-pos aan ons lidmate gestuur, indien jy nie e-pos het nie, kan Mockie dit in die kantoor teen R 50 /boekie (drukkoste) vir jou druk.

Kom sing saam in die MASSAKOOR by 'LAUDATE DOMINIUM' se PAASUITVOERING, 4 April 2020.

[www.vgk.org.za/laudate](http://www.vgk.org.za/laudate)

Registrasie sluit Vrydag 21 Februarie.

### **BEROEPE BEDANK**

- Ds W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Burgersdorp